NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 TYDSKRIFARTIKEL

1.1 Dit beteken dat 'n mens die hele tyd min hoeveelhede kos eet ✓ (terwyl jy besig is om te werk/studeer).
(Iets soortgelyks) (1)

1.2 1.2.1
- Hulle moet gesonde eetgewoontes volg. **OF**
- Hulle moet die regte tipe peuselhappies eet (nie die verkeerde peuselhappies eet nie). ✓ (1)

1.2.2 onwaar ✓ (1)

1.2.3
- Die meeste tieners groei nog. ✓ **OF**
- Groei nog in hulle skooljare. (1)

1.3 Jy moet 'n gebalanseerde eetpatroon volg. ✓ (1)

1.4 hongersnood ✓ (1)

1.5
- Dit moet **vullend** en **interessant** wees. ✓ **OF**
- Nie suiker- of vetryk wees nie. (1)

1.6 Jy hoef niks voor te berei wat baie tyd en moeite gaan neem nie. ✓
(Iets soortgelyks) (1)

1.7 Omega-3(-vetsure) ✓ (1)

1.8
- Dit help die brein met kort- en langtermyn geheue. **OF**
- Dit help dat jy nie net môre nie, maar baie langer, sal onthou wat jy geleer het. ✓ (1)

**[10]**

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – WEERKAART

2.1 Riversdal ✓ (1)

2.2 Beaufort-Wes en Kaap Agulhas ✓ (2)

2.3 3/drie m(eter) [moet eenheid ook aandui] ✓ (1)

2.4 twintig voor sewe (in die aand). [nie 18:40 nie!] ✓ (1)

2.5 onwaar ✓ (1)

2.6 Vredendal ✓ (1)

2.7 Malmesbury ✓ (1)

2.8 Hulle kan (bewolkte weer met) **donderbuie** verwag. ✓ (1)

2.9 B (wes na oos) ✓ (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENTE

3.1 3.1.1
- Sy liggaam is vooroor gebuig. **OF**
- Hy probeer van die reën skuil terwyl hy stap. ✓ (1)

3.1.2
- Die water wat om sy voete spat.
- Die sirkels wat aandui waar hy getrap het.
- Die (kronkel-)strepe wat 'n poel water aandui.
- Die man se weerkaatsing in die water/op die pad. ✓

(Enige 1) (1)

3.2 'n Koerant/nuusblad ✓ (1)

3.3 Hy draai sy kop skuins na die man (B) toe./Hy kyk na die man. ✓ (1)

3.4
- Daar is lyne agter die motorfiets wat waterspatsels en beweging aandui.
- Daar is lyne wat 'n duidelike spoor van die motorfiets in die water aandui.
- Daar is bewegingslyne agter die motorfiets.
- Jy kan water sien spat. ✓ (1)

3.5 Sy frons/haar oë kyk kwaai na hom ✓ (1)

3.6 3.6.1
- Hy knyp sy oë (dig) toe.
- Sy oë is dig/styf toe. ✓ (1)

3.6.2 Daar is **sterretjies** bokant sy kop. ✓ (1)

3.7 geskok/verbaas/bang ✓ (1)

3.8
- Hy het 'n pak ("suit") en 'n das aan.
- Hy het 'n briewetas by hom. ✓ (1)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 Notule (opsomming) van 'n vergadering

**Die volgende moet in ag geneem word tydens assessering:**

- Sinne moet van 1–5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt/sin bevat twee dinge: 'n mening en 'n rede. Dus tel elke sin 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Voegwoorde moet gebruik word om twee dinge te verbind.
- Indien al vyf sinne korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Indien kandidaat twee sinne per punt skryf, word slegs eerste sin gemerk.
- Sinne mag nie direk uit teks aangehaal word nie, maar kandidaat mag woorde/frases uit teks gebruik.
- Taalfoute word nie meer gepenaliseer nie. Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie tensy dit betekenis beïnvloed.
- Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus 2½ in totaal.
- Minus 1 as kandidaat nie woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is.
- 'n/en/die (lidwoorde) tel as deel van die woordtelling.
- Minus 1 as die getal woorde nie korrek neergeskryf is nie.
- Beplanning MOET doodgetrek word.

| | Mening | Rede |
|---|---|---|
| 1<br>[Ja] | **Mev. Nel** sê honde moet toegelaat word, | want honde is nog altyd op die skoolterrein toegelaat. |
| 2<br>[Miskien] | **Mev. Harris** sê honde mag dalk toegelaat word, | maar honde moet 'n leiband aanhê.<br>**OF**<br>as strenger maatreëls ingestel word. |
| 3<br>[Nee] | **Mnr. Ramsay** wil geen honde op die terrein hê nie, | omdat ouers hulle nie aan 'n leiband hou nie.<br>**OF**<br>omdat hulle die werkers pla/ bang maak. |
| 4<br>[Net sommige] | **Mnr. Pyle** sê net ouers van die skool mag honde bring, | maar hulle mag net op sekere velde loop. |
| 5<br>[Nee] | **Mnr. Brink** is gekant teen honde op die terrein, | want ouers steur hulle nie aan die reëls nie.<br>**OF**<br>want die honde beskadig die sportvelde. |

Woordtellings: 69/72/73/75/76

**10 punte**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

5.1 Aan die digter se dogter/Liebet ✓ (1)

5.2 B (vrye vers) ✓ (1)

5.3 5.3.1 Dit verwys na Liebet. ✓ (1)

5.3.2 Dit verwys na Taylor Swift. ✓ (1)

5.3.3 enjambement ✓ (1)

5.4 Dit beklemtoon **dat dit gereeld gebeu**r. ✓ (1)

5.5
- Haar uniform is vuil en sweterig en klou aan haar liggaam vas. ✓
- Sy kan nie die ongelukkigheid/moeilike omstandighede van die skool afskud nie. Dit klou (taai) aan haar. ✓ (2)

5.6
- Sy het eers net gesnik, maar toe begin sy huil en later het sy baie hard gehuil (geween). **OF**
- Sy word al hoe meer ontsteld/hartseer. ✓ (1)

5.7 Hy weet dat sy verhouding met sy dogter verander omdat sy nou groter word. ✓/Dit is mos ook die meisie wat haar pa se oë het en hom daarom daarin sien as sy hartseer in die spieël kyk. So, albei kom tot die besef dat hulle ‘n nuwe fase ingaan.
(Iets soortgelyks) (1)

**[10]**

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

6.1
- Want hy het 'n baie lae selfbeeld **OF**
- Hy dink dat hy 'n lelike profiel/gesig het. ✓ (1)

6.2 C (alliterasie) ✓ (1)

6.3 Dit dui aan dat verdere uitbreiding/verduideliking volg op dit wat vooraf genoem word. ✓
(Iets soortgelyks) (1)

6.4
- Dit kan na die letsels van slegte aknee verwys./Sy aknee is so groot/ duidelik soos die kraters van die maan. ✓
- Dit beteken ook dat jy 'n gek van jouself gemaak het. ✓ (2)

6.5 Dit dien as 'n skans/skerm teen ander mense/die buitewêreld. ✓ (1)

6.6 "(ononderhandelbaar) weg" ✓ (1)

6.7 6.7.1 Sy tienerjare/oorgang van tienerjare tot volwassenheid. ✓ (1)

6.7.2 A (desperaat) ✓ (1)

6.8 Hy slaan deure toe. ✓ (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

7.1 Dit beteken jy smeek/vra dringend vir iets. ✓
(Iets soortgelyks) (1)

7.2 Al die mense (op die aarde)./Die mensdom. ✓ (1)

7.3
- "**<u>B</u>**egrawe ons woonplek onder **<u>b</u>**erge **<u>b</u>**ottels"
- " ... **<u>b</u>**erge **<u>b</u>**ottels"
- "... **<u>dr</u>**inkplek met **<u>dr</u>**ywende..." ✓

(Enige 1) (1)

7.4 Dit beklemtoon dat mense **nie omgee/besef** wat hulle aan die aarde doen nie/stel nie belang om iets te verander nie. ✓ (1)

7.5 Insig: Bome produseer suurstof vir die aarde. ✓/Ons het bome nodig om asem te haal.
(Iets soortgelyks) (1)

7.6 7.6.1 B (inkeping) ✓ (1)

7.6.2 Om **visueel** aan te dui hoe mense oor **'n groot gebied** die aarde besoedel. ✓ (1)

7.6.3
- Die wind waai die rommel weg. ✓
- Die riviere/see/water spoel die rommel weg. ✓ (2)

7.7
- Wanneer dit te laat is.
- Wanneer die aarde te warm word om op te lewe.
- Wanneer dit ophou reën/die water opraak. ✓

(Enige 1) (1)
**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

8.1 Gister **het** die seun met sy ouers in die sitkamer **gestaan en praat**. (1)

8.2 Nee, die seun het **nog nie** besluit watter universiteit hy wil bywoon **nie**. (1)

8.3 Sy pa sit ook op die rusbank **om na die gesprek te luister**. (1)

8.4 Aangesien hulle belangrike sake **bespreek, vergader** die gesin in die sitkamer. (1)

8.5 Jy hoef **nie** op jou eie hierdie belangrike besluite **te neem nie**. (1)

8.6 Die seun wat universiteit toe wil gaan, praat met sy ouers. (1)

8.7 Die seun **moet deur** sy ouers **ge**help **word** om die regte keuse te maak. (1)

8.8 Sy pa vra vir die seun of **hy** emosioneel gereed vir universiteit **is**. (1)

8.9 Die lui seun se onderwysers kontak gereeld sy ouers. (1)

8.10 Nadat sy pa na die lys universiteite **gekyk het, twyfel** hy oor sy seun se keuses.

Nadat sy pa na die lys universiteite **gekyk het, het** hy oor sy seun se keuses **getwyfel**. (1)

8.11 Elke kind behoort **'n kans te kry** om verder te studeer. (1)

8.12 Volgende week **sal/gaan** die seun 'n nuwe lys van universiteite **opstel**. (1)
**[12]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

9.1 moeilik (½)

9.2 Suid-Afrika (½)

9.3 lang (½)

9.4 skool toe (½)

9.5 tuis (½)

9.6 blitsvinnig (½)

9.7 erken (½)

9.8 dingetjies (½)

9.9 beperkte (½)

9.10 skole (½)

9.11 o.a. (½)

9.12 soggens (½)

9.13 beter (½)

9.14 op (½)

9.15 goedkoop (½)

9.16 studeerkamer (½)

**[16 × ½ = 8]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

**Voorbeeldantwoorde:**

10.1 Pasop!/Wees versigtig wanneer jy die geskenk oopmaak. Dit is van glas gemaak en dit kan maklik breek.
(17 woorde) (2)

10.2 Baie dankie, Ouma. Ek wou nog altyd 'n selfoon gehad het sodat ek ouma elke week kan bel.
(18 woorde) (2)

10.3 Jippie! Ek het 'n nuwe skaatsplank gekry. Nou gaan ek elke naweek saam met my vriende skaatsplankry.
(16 woorde) (2)

10.4 Wat?! Hoekom het julle vir my 'n nuwe skootrekenaar gekoop? Ons kan dit mos nie nou bekostig nie!
(19 woorde) (2)

10.5 Baie dankie dat jy ons kleuterskool so getrou ondersteun. Sonder jou sou die kinders 'n vaal Kersfees hê.
(18 woorde) (2)
**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2022